


# WELKOM

## BY

## NG THE REEDS

---

## ‘n Veilige hawe vir nuwe hoop

Om Jesus te sien en te gaan vertel!

**Ds.:**

Die Here het opgestaan!

**Gemeente:**

Die Here het waarlik opgestaan!

**Ds.:**

Die Here het opgestaan!

**Gemeente:**

Die Here het waarlik opgestaan!

**Ds.: Vrede vir julle**

**Ds.:**

Die Here het opgestaan!

**Gemeente:**

Die Here het waarlik opgestaan!

**Ds.:**

Die Here het opgestaan!

**Gemeente:**

Die Here het waarlik opgestaan!

**Ds.: Vrede vir julle**



# Flam 237

Hy leef, Hy leef,
die graf het oopgegaan.
Hy leef, Hy leef
Hy leef, Hy't opgestaan.
Hy leef, Hy leef,
dit maak my hart so bly.
Jesus leef in my.

Halleluja! Halleluja!
Jesus leef in my.
Halleluja! Halleluja!
Jesus leef in my.

Hy leef, Hy leef,
die graf het oopgegaan.
Hy leef, Hy leef
Hy leef, Hy't opgestaan.
Hy leef, Hy leef,
dit maak my hart so bly.
Jesus leef in my.

Halleluja! Halleluja!
Jesus leef in my.
Halleluja! Halleluja!
Jesus leef ...
Jesus leef ...
Jesus leef in my!





# Johannes 20:1-21

1. Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is. 2. Sy hardloop toe en gaan na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle: "***Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie*.**"

3. Petrus en die ander dissipel het toe uitgekom en na die graf toe gegaan. 4. Die twee het saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom. 5. Toe hy vooroor buk, sien hy die doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie. 6. Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê, 7. ook die doek wat om Jesus se kop was.

Dié doek het nie by die ander doeke gelê nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol. 8. Daarna het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo. 9. Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie. 10. Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan.

11. Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk. 12. Toe sien sy twee engele met wit klere aan daar sit waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een waar die voete was. 13. Hulle vra toe vir haar: "Mevrou, waarom huil jy?"Sy antwoord hulle: "***Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie.***"

14. Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. 15. Jesus vra haar toe: "*Mevrou, waarom huil jy*? *Vir wie soek jy*?"

Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: "***Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal***."

16. Jesus het vir haar gesê: "*Maria*!"

Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "*Rabboeni*!" Dit beteken leermeester.

17. Jesus sê toe vir haar: "*Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.'*"

18. Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "*Ek het die Here gesien*!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.
19. Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "*Vrede vir julle*!"
20. Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.
21. "*Vrede vir julle*!" sê Hy weer vir hulle. "*Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.*"
22. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "*Ontvang die Heilige Gees*!”



Die leë graf 'n soort voorbereiding om Jesus lewend te hoor en te sien


Die leë graf ‘n soort
voorbereiding om
Jesus lewend te
hoor en te sien
**Jesus doen moeite om Maria**, Petrus, die dissipels en
veral Tomas te oortuig van sy opstanding

# Wie was Jesus? Wat het Hy kom doen? (31)





Opstanding
Sien & glo
Geloof maak ons oog oop om
Jesus lewend op ons pad te sien!

Jesus het hoop vir Maria gegee toe sy geen hoop gehad het nie



# Hoop tydens trauma vorm ‘n ewige band





Maria skrik so groot sy hardloop weg – *"Hulle het sy liggaam gesteel"*



Petrus en Johannes gaan ook kyk
Sien ekstra tekens, maar dink nie verder



Maria vertoef nog
‘n rukkie –
sy *huil en kyk weer*
Dit is daar waar
dinge begin gebeur

# Wat maak dat sy Jesus nie kan sien nie?

Haar trane en hartseer

Sy kyk nie na Hom nie, maar na die leë graf




Wat keer vandag dat ons
Jesus nie sien nie?
Kan nie sien
as jy nie gereed is
om te sien nie



# Wat berei haar voor om Jesus te herken?

**Die vrae:**

- Waarom huil jy?
- Vir wie soek jy?
- Terug in die oomblik


Wat berei haar voor
om Jesus te herken?
Kan nie sien
as jy nie gereed is
om te sien nie

# Wat berei haar voor om Jesus te herken?

Haar naam
Sy het omgedraai



# Natuurlike reaksie:

Om Jesus vas te hou , aanbid





Gaan deel wat jy
beleef het
met my broers


Die leë graf ‘n soort voorbereiding om Jesus lewend te hoor en te sien


Wat keer dat jý
Jesus lewend sien?




# Flam 57

Ek sien in my gees die glorie
en die almag van die Heer.
Die Allerhoogste wat in liefde
oor sy koninkryk regeer.
Hy’t belowe aan die einde
op die wolke kom Hy weer.
Hy is Koning, Hy regeer!




Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!



Die Here is ons Vesting
wat vir altyd sal bly staan.
Hy beskerm elke mens
wat in geloof na Hom toe gaan.
Hy's ons skuiling, Hy's ons wapen,
Hy het die vyand reeds verslaan.
Hy is die Rots wat ewig staan.




Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!




Kom deel nou in ons loflied
hef jou hande op na bo.
Blaas basuine, slaan op tromme
en kom dans voor God se oë.
Kom leef in die oorwinning
van sy Woord waarin ons glo.
Want sy Woord sal ewig staan.



Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning Hy regeer!
Hy is Koning, Hy regeer!
Hy is Koning, Hy regeer!




Wat keer dat jý
Jesus lewend sien?


Mag die lewende Christus, wat die dood oorwin het,
julle vul met vrede.
Mag Sy teenwoordigheid in julle harte brand soos Hy
aan Maria en Sy dissipels verskyn het.
Mag julle in Sy opstanding die hoop vind
wat nooit beskaam nie.
Gaan uit met vreugde, want die Here het opgestaan!
Hy leef, en Sy lig skyn oor julle pad.
Amen.